

**Lig en skadu: reaksie op die prediking**

Wanneer Jesus sy dissipels twee-twee uitstuur, is die reaksie uiteenlopend. Enersyds word die inwoners van Galilea en omstreke kragtig gewys op Jesus wat die gawes waaroor Hy beskik ook uitdeel. Sy dissipels preek op gesag van hulle Meester en wanneer hulle siekes gesond maak en demone uitdryf, is hulle instrumente wat Jesus se Naam en krag bekend maak – instrumente wat die lig verder dra.

Maar hierdie optrede bring nie net genesing nie. Dit veroorsaak ook diepe wroeging in die hart van iemand soos Herodes. Die herinnering aan Johannes die Doper, wat hy kort tevore op aandrang van sy vrou en dogter laat teregstel het, laat hom nie met rus nie. Trouens, sy beoordeling van Jesus se krag is tipies van 'n verdorwe verstand. Eerder as om tot geloof te kom, gly Herodes nog dieper weg in sy ongelooft. Jesus, glo hy vas, is Johannes wat uit die dood opgestaan het. Hy wil ander verduidelikings – soos dat Hy Elia is, of soos een van die profete – nie eens oorweeg nie. Waarom hierdie stiksienigheid? Dit is die gevolg van sy eie gewete wat hom aankla. Ten tye van Johannes se aanhouding het Herodes heel dikwels na hom geluister. Hy was selfs onder die indruk van Johannes se regverdigheid en heiligheid. Maar toe die geskikte dag vir Herodias se wraak aanbreek, is daar by Herodes geen teëstribbeling nie. Al waartoe hy kan kom is om bedroef te word toe hy besef dat hy, met sy vinnige beloftes en grootdoenerigheid, Johannes se dood veroorsaak het. Na die teregstelling vergeet hy so vinnig van Johannes dat hy nie eens moeite doen om hierdie man, na wie hy so graag geluister het, te begrawe nie. Totdat hy verneem van die bonatuurlike krag van Jesus. Johannes, glo hy, het teruggekom uit die dood. By jou kan spyt en wroeging oor verspeelde kanse jou ook teister. Ware versoening kan van jou ook 'n ligdraer maak deur te getuig van die Here se vergifnis in jou lewe.

*Sing: Psalm 138:4*

*Ds BC Smit (Brits-Wes)*